# 4

# Blinky

By die huis gooi ek net my tas in die portaal neer.

“Lea! Jou tas,” raas Pa.

Maar ek draf reguit na Ma se spreekkamer.

“Nee, mevrou Cronje, daar is nie ’n gif wat ek kan aanbeveel vir muise nie.” Ma is op die foon. Dan kyk sy na die gehoorstuk. “Sy’t sowaar neergesit.” Ma skud haar kop. “Mevrou Cronje sê sy het ’n muisplaag. Nou soek sy gif!”

“Ma sal nie glo wat vandag by die skool gebeur het nie.”

Ma sit haar hand oor haar mond toe ek haar van die pousepetalje vertel.

“Mevrou Cronje was nie die eerste persoon wat vandag gebel het oor muisgif nie,” sê Peet.

Hyporhamphus! Die probleem is erger as wat ek gedink het.

Wat moet ons eerste red? Die uile of die muise?

“Dit klink of ons ’n muisplaag op hande het, julle,” sê Ma. Sy sit haar hande in haar sye. “Daaraan sal ons blitsvinnig iets moet doen.”

"Dis so wreed om hulle dood te maak," sê ek.

"Dis hoekom ons dit nie gaan doen nie," sê Ma. "Ons gaan hulle vang."

Peet knik met 'n glimlag.

"Goed so," sê ek. Ek weet nie hoe ons dit gaan regkry nie, maar ek sal enige iets probeer.

Net toe kom oom Dave met 'n kartonboks by die spreekkamer ingehardloop.

"Nog 'n uil, Vera. Dié een vermoed ek is deur 'n kar raak gery. Ek dink ons kan hom red."

Ma en oom Dave draf na haar spreekkamer. Ek gaan saam.

Oom Dave sit die boks op die ondersoektafel. Die boks wikkel-wikkel.

"Daar was 'n dooie muis ook in die pad. Die uil het seker gedink dis 'n maklike ete. En toe tref 'n kar hom."

Nog 'n muis!

Oom Dave trek die dik handskoene aan waarmee hy altyd roofvoëls hanteer. Dan maak hy die boks versigtig oop.

Hy haal die mooiste uil uit.

"Hierdie is 'n gevlekte ooruil. 'n Mens kan hom uitken aan die vere op sy kop wat soos horings of ore lyk. Sy oogkleur is goudgeel. En op sy bors het hy grys dwarsstrepe. Sien jy, Lea?" vra hy.

"Hy is pragtig," sê ek.

